Informa

April 2005 - 3 Amptelike nuusblad van die personeel van die UV/Official newsletter of the staff of the UFS

# MIV/vigs-beleid goedgekeur

Die UV-Raad het die implementering van 'n MIV/vigs-beleid goedgekeur. "Met die beleid erken ons die erns van die MIV/vigs -pandemie en die potensiële impak wat dit op die UV en die breër gemeenskap kan hê.

Ons is daartoe verbind om MIV en vigs in 'n positiewe, ondersteunende en nie-diskriminerende lig te benader deur die verskaffing van hulpbronne en leierskap en UV-gebaseerde MIV/vigs-gemeenskapsuitreikingsprogramme te implementeer," sê dr. Ezekiel Moraka, Viserektor: Studentedienste aan die UV. Die doelwitte van die beleid sluit in:

- Beskerm individuele regte van vertroulikheid en vryheid van diskriminasie.
- Bevorder gedrag wat die risiko vir die verkryging van MIV-infeksie verminder of minimaliseer en 'n veilige omgewing oor die algemeen skep.
- Verskaf leierskap in onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens oor MIV en vigs en die impak daarvan.
- Verskaf leierskap deur die bevordering van die menseregtegebaseerde benadering tot MIV en vigs en sodoende ook om die stigma verbonde aan die siekte af te breek.

Binne die beleidsraamwerk en die beperkinge van die wet respekteer die UV die reg op vertroulikheid van personeel en studente wat betref hul MIV/vigs-status. Potensiële studente of personeel sal ook nie toegang tot die UV geweier word op grond van die feit dat hul positief vir MIV of vigs toets nie. Die UV moedig egter studente en personeel aan om bewus te wees van hul MIV/vigs-status sodat hulle die toepaslike gesondheidsbesluite vir hulself kan neem. Die Sentrum vir Lewensvaardighede voorsien hierdie diens.



*The Rector and Vice-chancellor of the UFS, Prof. Frederick Fourie, and Ms Naledi Pandor, Minister of Education, during her first visit to the UFS.*

"Die beleid maak voorsiening vir die vestiging van 'n Sentrum vir MIV en vigs binne Kovsiegesondheid. Die sentrum sal MIV/vigs-verwante ondersteuningsdienste en -inisiatiewe aan die hele kampus voorsien," sê dr. Moraka.

Geen indiensnemingskontrak sal beëindig word of bevordering sal teruggehou word op grond van die MIV/vigs-status van 'n personeellid nie, op voorwaarde dat die personeellid in staat is om doeltreffend te werk. Die UV sal 'n redelike poging aanwend om alternatiewe, nie-inspannende werk te verskaf aan 'n personeellid met vigs om die verdienstekapasiteit van die betrokke personeellid te maksimaliseer. Indien

MIV/vigs-beleid vervolg op p2.



# Focus will fall on humane use of animals



*Prof. Mbati and scientists from Brazil in a laboratory session.*

"The current status regarding the humane use of laboratory animal experimentation must be given a higher profile, and tougher compliance guidelines must be instituted on the African continent," said Prof. Peter Mbati, Campus Head of the Qwaqwa campus at the UFS after attending the International Training Course on Laboratory Animal Science at Sao Paulo in Brazil this year. The course was presented by the Brazilian Association for Laboratory Animal Science – COBEA – in conjunction with the Utrecht University in the Netherlands.

Prof. Mbati said, "Federation of the European Laboratory Animal Science Association with support from various governments has now made it compulsory that no research scientist may use experimental animals without the requisite training and certification. He believes that these rules and guidelines will be implemented in South Africa and on the African continent in the near future.

"Attending the training course was time and money well spent. I am a biomedical research scientist with over 12 years of experience in which I have used a spectrum of animal models ranging from mice, hamsters and rabbits to non-human primate models. The knowledge I have gained from Sao Paulo will certainly assist me in developing more refined and internationally acceptable methods when conducting experiments that use animal models. I will pass on the skills and knowledge that I have acquired to my research team and crop of postgraduate students."

This opportunity has provided a whole new paradigm of better science, and consequently a better quality of life for both mankind and animals, he said.

# Meer parkering verlig nood

Die tekort aan parkering op die hoofkampus van die UV word aangespreek. Om die nood te verlig, word daar tans 200 tydelike parkeerplekke by die hek by Departement Mikrobiologie aangebring. Volgens mnr. Nico Janse van Rensburg, Bestuurder: Fisiese Beplanning, is die parkeerplekke reeds oopgestel vir gebruik. Sowat 200 motors kan hier geakkommodeer word," sê hy. Later sal die parkering as permanente parkering as deel van veranderinge by daardie deel van die kampus geïnkorporeer word.

Nog nuus is dat die ingang by die Mikrobiologie-hek nog vanjaar verskuif sal word na die verkeersligte in D.F. Malherbe-rylaan. "Die verkeersingenieur is ver gevorder met die beplanning en daar is reeds verskeie inligtingsessies en samesprekings met die gebruikers in die area gehou," sê mnr. Janse van Rensburg.

## Afskop van lesings vir 2006 aangepas

"Tydens 'n Senaatsvergadering het die bestuur die besluit goedgekeur dat die aanvang van lesings met een week verskuif word in beide die eerste en tweede semester in 2006. Die volledige kalender sal rondom dié besluit opgestel word. Die besluit is geldig vanaf 2006," sê me. Elsabi Bezuidenhoudt van die Afdeling Vergaderingsadministrasie aan die UV.

Dit beïnvloed in hierdie stadium nie enige ander aktiwiteite soos eerstejaarsontvangs en die aanvang van werksaamhede van personeel nie. Studente kry dus die geleentheid om Jool in die eerste semester af te handel voordat lesings begin en in die tweede semester sal 'n groter gedeelte van die tweede eksamengeleentheid afgehandel wees wanneer lesings weer begin, sê me. Bezuidenhoudt.

Dit is ook baie duidelik uit die voorstel dat die aantal lesingdae nie geraak word nie. Die vakansies is steeds gesinchroniseer met die van die skole.

MIV-/vigs-beleid... vanaf p1.

die persoon nie langer kan werk nie of geen geskikte posisie gevind word nie, sal die toepaslike siekte of ongeskiktheidsbeleide toegepas word.

Die UV sal ook inligtingsprogramme vir akademiese personeel bevorder, ondersteun en inisieer om te verseker dat hulle die nuutste inligting rakende die MIV/vigs-pandemie in hul dissiplines beskikbaar het, met die doel om kursusontwikkeling, onderrig, navorsing en leer te verbeter.

Personeel of studente wat weier om saam met persone met MIV of vigs saam te leef of werk sal voorligting ontvang, want weiering om saam te werk, studeer of onderrig te ontvang, sal nie as 'n geldige verskoning aanvaar word vir die nienakoming van akademiese of werksvereistes nie.

'n Forum vir MIV en vigs sal ook voortgesit word om 'n gekoördineerde benadering te bewerkstellig.

"Die UV is daartoe verbind om aktief deel te neem aan die bekamping van die MIV/vigs -pandemie - die implementering van hierdie beleid is 'n sprekende voorbeeld daarvan," sê dr. Moraka.

# Minister excited about UFS plans

The Minister of Education Naledi Pandor paid her first visit to the University of the Free State (UFS) in April 2005 and commended the UFS for its plans to further transform the institution into a place where all staff and students can feel at home.

Addressing members of the Executive Management, the Minister said she was excited about the announcement by the Rector and Vice-Chancellor, Prof Frederick Fourie, that the UFS would look critically at what it means to transform the UFS and draft a transformation plan.

Ms Pandor endorsed the Rector's view that it was important to understand the dimensions of transformation and give deeper meaning to it so as to enable the UFS to address the specific challenges facing the institution and to provide quality higher education for all South Africans.

"The UFS has a strong base from which to promote quality higher education. You have established faculties, research programmes as well as senior academics.

"However, we must never become comfortable with this because the challenge of transformation is significant, that is the challenge to make people feel at home at the UFS. You must confront the feeling of exclusion by black staff and students." the minister said.

She added that the real issue is the question of changing the institutional culture so as to become a truly non-racial and non-sexist university.

Universities should prepare students to work in a diverse society where, for example, women are in leadership positions rather than men.

Minister Pandor challenged staff and students to commit themselves to making the UFS an experimental South African university where diversity and non-racialism can be shown to work.

"Can we show to the rest of the country that we are better than our parents?" she asked.

The minister also visited the Qwaqwa campus where she met staff and student representatives to discuss the progress with the incorporation of the campus.

She challenged the UFS to ensure that the Qwaqwa campus became a high quality non-racial campus and not remain a black campus in the wilderness.

Ms Pandor said there should be differentiation between the academic offerings of the campuses of the UFS so as to promote quality higher education.

She repeated her view that university managements must deal firmly with students who break the law and that every effort should be made to support students who perform academically.

## M-studente kuier saam



*Groep M-studente van die klas van 2005 van die Departement Kommunikasie en Inligtingstudie. Van links is me. Magdel Fourie, mnr. Chiu Hsien-Pin en me. Enelle Steenkamp.*

## Aanstellings en bevorderings

**Prof. Gert van Zyl,** Hoof van die Skool vir Geneeskunde in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, is eenparig herkies vir 'n volgende drie jaar as lid van Council for the Health Science Accreditation of Southern Africa se raad. Prof. van Zyl se belangstelling in kliënte-tevredenheid en ongunstige gebeurtenisse het daartoe bygedra dat hy die raad gedurende Januarie 2005 verteenwoordig het by die Wêreld-Gesondheidsorganisasie (WGO) se loodsprogram oor pasiëntveiligheid in Durban onder die sambreel van die Wêreld-Alliansie van Pasiënt Veiligheid.

**Prof. G.M. Meyer** is vanaf 1 Maart 2005 as nuwe Hoof vir die Departement Chemiese Patologie aangestel.

**Dr. G.E. Visser**, Departement Geografie, **dr. Z.G. Alemu**, Departement Landbou-ekonomie, **dr. B.I. Kamara**, Departement Chemie, **dr. B.F. Dejene**, Departement Fisika (Qwaqwa), **dr. B.H. Usher**, Instituut vir Grondwaterstudies en dr. **C.W. van Huysteen**, Departement Grond, Gewas- en Klimaatwetenskappe is almal tot Senior Lektor bevorder.

**Dr. J.J. Terblans** en **dr. P.J. Meintjes**, Departement Fisika, **dr. W.P. Colliston**, Departement Geologie en **dr. J. Schröder**, Departement Wiskunde en Toegepaste Wiskunde (Qwaqwa-kampus) is na Medeprofessor bevorder.

**Prof. H.G. Patterton** word vanaf 1 Julie 2005 aangestel as Medeprofessor in die Departement Mikrobiese, Biochemiese en Voedselbiotegnologie.

Sy Edele **Appélregter F.D.J. Brand** is vanaf 1 Maart 2005 aangestel as Buitengewone Professor in die Departement Privaatreg.

## In Memorium

**Me Magdaleen Lekwene** passed away on Friday 1 April 2005, after a long treatment in a hospital in Kimberley. She was working at the UFS Marketing since 1996 and was responsible for data capturing of prospective students and also helped at the information point.

AFTREEVOORSIENING

# 'n Tyd vir (gemoeds)rus

Die pluspunt is dat mense deesdae 'n langer, meer aktiewe lewe geniet as in die verlede. Dit mag egter beteken dat wanneer u nie meer 'n maandelikse salaris verdien nie, u lewenstyl kan daal.



Dit hoef nie die geval te wees nie. Ons by Sanlam kan sorg dat dit nie gebeur nie.

Ons kan 'n beleggingsportefeulje haarfyn volgens u behoeftes saamstel – en u finansiële onafhanklikheid verseker. Hoe? Met die volgende:

- persoonlike aandag
- 'n finansiële plan volgens u spesifieke behoeftes
- 'n volledige reeks produkte en dienste
- kundigheid en professionele advies.

**Raak daarom ontslae van alle kommer oor eendag se aftrede – en vervang dit deur 'n gevoel van sekerheid.**



**Ben Opperman**
Senior Onafhanklike Finansiële Adviseur
051 407 8156
082 457 2240
benoprmn@intekom.co.za

*Ons dink vooruit* Sanlam

Gelisensieerde Verskaffer van Finansiële Dienste

# Bestuur ondersteun welwees op kampus

"Welwees is 'n baie belangrike deel van die UV se bestaan, want jy kan nie 'n goeie universiteit wees as dit nie goed gaan met jou mense nie," het prof. Frederick Fourie, Rektor en Vise-kanselier, gesê tydens 'n ontbyt met die afskop van die Welweesprogram op kampus.

"Welwees moet 'n integrale deel wees van jou werk. Ek sien die program as die begin van 'n proses om dringend te kyk hoe ons werk," sê prof. Fourie.



*Bestuur het die Welweesprogram ondersteun. Prof. Teuns Verschoor sit die daad by die woord en sy cholesterol en bloedglukose word hier getoets deur mev. Jossie van der Westhuizen van Rosepark-hospitaal. By hulle is me. Jeanine Meyer, korporatiewe welweeskoördineerder van Discovery.*

# Dramadepartement maak skoonskip by KKNK

Die dramadepartement het op die Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) skoonskip gemaak met *Zollie*, 'n nuwe drama deur Prof. Nico Luwes, Hoof van die Departement Drama aan die UV, oor 'n Griekse egpaar en twee bendes straatkinders. Die produksie self is as wenner van die Sanlam-prys van R100 000 vir die departement aangewys terwyl Gerben Kamper as beste regisseur, Lulu Botha as beste akteur en Nico Luwes as beste dramaturg elk R20 000 as wenners ontvang het.

Jeanne Goosen skryf in *Die Burger* van 9 April 2005 as volg oor die stuk en die UV Dramadepartement: "En daar maak die Vrystaat skoonskip met al die pryse vir vanjaar se Sanlam-toekennings vir Afrikaanse drama. Nico Luwes se *Zollie* was 'n belewenis. Met 'n beter as ooit Gerben Kamper-regie. Die stuk oor straatkinders het ontroer. Die realiteit van die werk het ontstel. Dit is teater as terreur en wys op die uitsigloosheid van straatkinders. Die Vrystaat se dramastudente se spel was meer as net vernuftig! Dit was rou spel uit die murg. Mag *Zollie* die lang verhooglewe hê wat dit verdien."

*Zollie* word vanjaar hier tydens die Volksblad Kunstefees vir Bloemfonteiners en ook by die Suidoosterfees vir die Kapenaars opgevoer. Ander stukke van die Dramadepartement wat ook besonder goed gevaar het by die KKNK was *Geblikte Ertappels, Aasvoëls* en *Bullshit Mia-Lee* en die twee kinderstukke *Lucky Luke en Sneeuwitjie.* Hou die kennisgewingborde dop vir wanneer hierdie stukke deur die Dramadepartement opgevoer word.



*Dramadepartement wen pryse: Van links is, voor: Gerben Kamper as regisseur, Crystal Donna Roberts as Snoekie, Shahieda Nayanah as Wip, Godfrey Manyane as Draad, en agter dr. Franklin Sonn, UV-kanselier wat by was tydens die prysoorhandiging, Samantha Thomas as Skêr, Sixo Vena as Zollie en prof. Nico Luwes as dramaturg. Lulu Botha en De Beer Cloete was ongelukkig besig met 'n ander produksie toe die foto geneem is.*

# Taalvaardigheidsmodules help studente

Goeie akademiese vordering en studenteprestasie is baie belangrik vir die UV. Navorsing het bevind dat akademiese taalvaardigheid 'n belangrike faktor is in hoe studente op universiteit akademies vaar. Om hierdie rede het die Uitvoerende Bestuur in 2004 'n besluit geneem om taalvaardigheidstoetse vir alle eerstejaars verpligtend te maak. Dit is belangrik dat studente goed kan skryf, redeneer en konseptualiseer op 'n akademiese vlak, want nie net gebruik hulle die geskrewe woord in onder meer werkstukke en navorsingsverslae nie, maar hierdie vaardigheid is ook belangrik wanneer hulle tot die arbeidsmark toetree.

Prof. Magda Fourie, Vise-rektor: Akademiese Beplanning, sê: "Studente wat ondergemideld presteer het in die toetse en wie se taalvaardighede nie voldoende is nie, moes inskryf vir taalvaardigheidsmodules. Studente moet die modules deurkom om hul kwalifikasie te verwerf."

Die taalvaardigheidstoetse word in die eerste jaar afgelê. Dan kan bepaal word of studente taalvaardig is op akademiese vlak. Die taalvaardigheidsmodules is deur die Departemente Afrikaans, Nederlands, Duits, Frans, Engels en Klassieke Tale ontwikkel nadat hulle deeglike navorsing in hierdie veld gedoen het en ook by die Universiteit van Kaapstad, wat 'n goed gestandaardiseerde, geldige en betroubare taalvaardigheidstoets ontwikkel het kers opgesteek het.

Studente wat die toets nie geslaag het nie is per brief in kennis gestel dat hulle die taalvaardigheidsmodules moet voltooi. Studente wat nie so 'n brief ontvang het nie, het die kursus geslaag en hoef nie die modules te voltooi nie.

Prof. Fourie sê, "Soos met enige verandering het die proses 'n tandekryfase. Ons is besig om die proses te verfyn en om probleme uit te stryk. Die taalvaardigheidstoetse is tydens die eerstejaars se oriënteringsweek afgelê. Vanaf volgende jaar sal ons die toetssessies op 'n ander tyd wil fasiliteer. Kovsievoorligting het vanjaar die toetssessies hanteer. Dit is egter 'n reusetaak en ons kyk ook na meer personeel om die proses te hanteer."

Die taalvaardigheidsmodules is ook 'n verpligte deel van al die verlengde programme (vir studente wat nie aan die minimum toelatingsvereistes voldoen het nie) aan die UV.

Tans is studente in twee kampe verdeel oor die voltooiing van die modules. Sommige sien nie die nut daarvan in nie. Dan is daar die ander groep wat voel dat hulle beslis daarby gaan baat vind. Twee studente van Tswelopele voel dat hul hulp nodig het met taalvaardigheid. "Ons besef dat die vlak van Engels wat ons op skool gebruik het nie dieselfde is as wat nodig is vir universiteit nie. Ons het toe hoërskool-Engels gebruik, maar benodig nou beter Engels. Die taalvaardigheidsmodules sal moontlik hiermee kan help."

Dr. Angelique van Niekerk van die Departement Afrikaans, Nederlands, Duits en Frans sê: "Studente wat die modules verlede jaar bygewoon het, het ook goed gevaar in hul ander vakke. Die kursus was toe vrywillig en dit was die meer akademiesverantwoordelike studente wat dit bygewoon het. Ons hoop om deur die verpligte modules 'n groter deel van die studentekorps te betrek."

# Oxford professor concerned over desertation

The Southern African Society of Quaternary Research (SASQUA) held its bi-annual conference from 30 March to 2 April 2005 on the campus of the UFS. Prof. Louis Scott of the Department of Plant Sciences at the UFS and organiser of the congress, said the highlight of the event was a public lecture by Prof. Dave Thomas of Oxford University, United Kingdom.

His lecture was titled *Will the Kalahari expand?* There has been great concern that the Kalahari has been drying up.

Prof. Thomas said, "Of great interest and concern is what may happen this century under the effects of global warming on southern African climates. Because of greenhouse gas emissions into the atmosphere, the rate of global temperature increases is at its highest levels for at least 400 000 years. For southern Africa, intermediate climate change models predict that by 2050 average temperatures will have risen by up to 0,5$^{o}$C per decade. Even though some models predict increased rainfall in this period, there will be no nett benefits as higher temperatures will increase evapotranspiration, and soils will get drier. In addition, increased extreme events, including droughts, are predicted to occur.



*Attending the congress are from left Dr Fabrienne Mauret, Liverpool University, UK, Prof. Peter Holmes, Department of Geography at the UFS, Prof. Dave Thomas and Prof. Louis Scott.*

"Taking our understanding of how the Kalahari has responded to climate changes in the past, and our understanding of how wind erosion occurs, it is perhaps likely that the Kalahari will experience major environmental changes later in this century."

# Time out with...



## Each day a first working day



*Mr. David Mabaso*

"When I was young I used to watch my father and I told myself that one day I will own my own car and house and live a decent and normal life irrespective of my handicap," said Mr David Mabaso from the Human Resources Department at the UFS.

For Mr Mabaso it was not difficult to achieve this goal. With hard work he went after that which he desires and with his motto – regarding every day at work as your first day in a new company – he received a Centenary Medal from management acknowledging the contribution he has made to the university in the 25 years he has been working here. "The Centenary Medal and the Long Service Award for 25 years of service at the university are very special to me. Those moments make you think that people really care," said Mr Mabaso.

Maria, Mr Mabaso's wife also received a Long Service Award from the university for 25 years of service. He met his wife at the university in 1979. "She was a slendertype, tiny woman and I fell for her," he said.

After nine years in Port Elizabeth, where he was born, Mr Mabaso moved to Bloemfontein with his parents and it was in the Free State that he completed matric and later started his career.

On 21 March 1979 he started working at the University of the Free State at the then personnel office for non-whites. "I had a wonderful manager, Mr Theo Maritz, who opened a new world for me when he introduced me to a computer. What I know and what I am capable of today I have learned here at Kovsies," said Mr Mabaso.

"Later on I worked as pay master. Those days this type of job was a gamble. We used to go to Volkskas at Brandwag, without fire arms to defend ourselves, collect about R700 000 in two suitcases and return to the campus. For two days we counted the money before we paid it out to staff. I enjoyed that. Staff then received their salaries in cash. It was only later – in the nineties – when salaries were paid into their bank accounts.

Mr Mabaso will always go out of his way to help people. He said his policy is to be here for people, to help them and not to turn them away. However, those who received help from Mr Mabaso will soon miss him. He has decided to leave the university. "I want to go on early retirement in March 2006 and do something different on my own," he said.

Mr Mabaso will also then have more time to spend on his favourite pasttimes such as listening to jazz music and to reading. He also enjoys his involvement as branch secretary of Orlando Pirates Footballers Club for supporters in Bloemfontein.

"When I leave I will miss all the good and bad, my people and the university," he said.

# UFS SIFE group explores, dreams, discovers

The UFS Student in Free Enterprise (SIFE) group experienced a Scottish treat. A group of the UFS SIFE was invited to a conference by Ms Sharon Bamford, chief executive of the Scottish Institute for Enterprise (SIE), to open their conference.

The conference was attended by more than a thousand students from the 12 universities in Scotland. Other higher education establishments and a host of all the other universities including the University of Oxford and Cambridge, Angelo State University, Texas, and the University of Holland also attended.

"We were requested to give the same presentation which we presented at the SIFE World Cup in Barcelona. It was an overwhelming experience to give a presentation in front of more than 1000 students from all over the United Kingdom," said Imameleng Matete, a committee member of the UFS SIFE group. She is responsible for the advisory board members and recruiting new members.

She said, out of 38 universities which participated in the SIFE World Cup in Barcelona the UFS SIFE group was the only group which has been invited. The theme of the conference was "Explore, dream and discover". SIFE teaches people to explore their own capabilities, to dream big, to discover their dreams through free enterprise and the impact they can make while being a student.

The aim of the conference was to stimulate students to develop their entrepreneurial skills and to launch their own business. It was also to prepare students to meet the rising demands of major organisations for graduates whose entrepreneurial skills add value to the corporate structure.

UFS SIFE was the first SIFE group in the whole of South Africa. It was later joined by other universities. Ever since the launch the UFS SIFE group have gone from strength to strength. They were the national champions and they always managed to make it in the top three of the world championships.

Although a big part of the SIFE sponsorship is housed in the Faculty of Economics and Management Science, membership to this prestigious team is not restricted to students from this faculty. The doors for membership are open to all UFS registered students.

Mooirivier
Makelaars /Brokers

SPESIALISEER IN KORTTERMYNVERSEKERING
SPECIALISING IN SHORT-TERM INSURANCE

*Puik dienslewering deur persoonlike kontak,
effektiewe eisebestuur en risiko
beperking, wat lei tot lae premies
en u gemoedsrus te bied.*

*Excellent service delivery through
personal contact, effective claims and risk management,
which results in lower
premiums to give you peace of mind.*

Kontak ons by Tel (051) 447 6877 Faks (051) 447 5758 of
e-pos aan mmbloem@mweb.co.za
Contact us on Tel (051) 447 6877 Fax (051) 447 5758 or
e-mail mmbloem@mweb.co.za

Hollard
SELECT BROKERS



# Oudword en die groot oudit

Dagsê

Die herfs is hier in al sy glorie! Tyd vir rooiwyn, woltruie uitpak en gewere skoonmaak vir die jagseisoen. Ook tyd om te begin spaar vir die Volksblad se Kunstefees wat in Julie hier plaasvind. Tot dusver het die weer nog elke jaar saamgespeel met lekker warm dae! Bultjie het so vae voorgevoel dat hierdie jaar se fees koud gaan wees! So bespreek betyds en sorg dat jy in die teaters is. Dit klink my daar gaan 'n warm program aangebied word! Sterkte met al die reëlings! Ons sal daar wees!

Dit is vir my mooi dat onse fees nog nie ontaard het in die suipfees daar onder waaroor Karen Zoid, van alle mense, so kla nie! Ek het haar 'n paar jaar gelede een aand sien optree en ek sal maar nie sê wat sy daardie aand vir die gehoor gewys het nie! Min of meer wat Adam vir Eva gesê het toe sy so entjie stroomop van hom in die rivier van Eden geswem het: "Eva ek het jou *leaf!"* So nou weet julle ook waar die uitdrukking: "Ek het jou *lief*" vandaan kom! Nou daai aand het Zoidtjie blykbaar ook haar *leaf* gesoek!

Snaaks hoe konserwatief mense word hoe ouer hulle word. Mammie sê dis sommer pure jaloersie! "*Gaan maar 'n bietjie in hulle verledes terug en jy sal sien hulle was die stoutstes! Die main konyn in die woestyn!"* sê sy.

Waar nê! Kyk maar net nou die arme Dan Roodt en sy ou geskrifte wat 'n paar Stellenbosch-studente nou weer opgediep het! *Embarrasing* om die minste te sê!

Maar tog kry jy onnutsige oumense wat net die teenoorgestelde is. Hulle behou die vonkel in die oog en hul humorsin. Een so 'n vrou was oorlede prof. Frans Wessels se vrou, Sophie, wat die volgende raad aan haar kleindogter gegee het die dag voor sy Varsity toe gekom het: "My, tjênd, jy moet vir jou 'n kêrel kry wat leer vir ouditeur en darem 'n kar het. Ja, kry vir jou 'n kêrel wat sensitief is en met wie jy jou hartsgeheime kan deel. Dit is ook belangrik dat jy 'n kêrel het wat darem lekker kan vry. Maar, my tjênd, die belangrikste is dat jy moet sorg dat die drie mekaar nooit ontmoet nie!"

Op 'n ernstiger noot – die groot oudit lê voor! Almal skryf beleide en versamel bewyse van uitnemendheid vir die Akademiese Skerpioene wat ons teen volgende jaar gaan besoek. Bultjie dog die Groot Gewoel van die afgelope paar jare met rasionalisasie, die instelling van die modulesisteem en die PeopleSoft-sisteem wat almal laat harde bene kou, is vir eers verby.

Maar helaas! Net toe ons weer wil begin klasgee, besluit iemand net ons het dalk alles verkeerd gedoen oor die afgelope 100+ jaar! En 'n hele papieroorlog word weer van voor af gevoer. Mammie wil weet of Xerox nie agter die oefening sit nie!

But we will tackle the bull by its horns – as usual. Maybe this exercise is just the right one to unite the staff of our "new" university with Vista and Qwaqwa as part and parcel of the Free State University. One "enemy" and we'll all stand together in a way that only Free Staters can do!

Greetings from house to house!

**Bultjie**

# Red rose for UFS centenary

Management approved that a red rose, cultivated by Ludwig's Roses in Pretoria, be named after the UFS in honour of its centenary year in 2004. They proposed to name the rose *Kovsie Roos/Rose*.

Prof. Gerrit van Tonder at the Institute for Groundwater Studies at the UFS said that one thousand roses would be purchased and planted on the campus. The Department of Physical Resources and Special Projects will give input on where the roses would be planted. A possible site is the west side of the Sasol UFS Library.

Mr Ludwig Taschner from Ludwig's Roses describes the rose: "A strong perfume is the overpowering characteristic of this novel rose. In combination with firm, thick, long lasting petals, stiff necks that carry the blooms upright, long stems and superbly glossy foliage it is a unique novelty. This tall growing hybrid tea rose is extremely vigorous and will perform in sunny spots in any garden and varied climates with a minimum of care.

"The tight bud is of a modern pointed shape and it unfolds slowly with a multitude of petals to an open bloom reminiscent of the full roses of yesteryear. The colour too is of lilac toned red that made so many of the old damask and gallica roses favourites and which are highly fashionable today". Prof. Van Tonder said, "The colour of the rose fits in well with the UFS colours." Management requested that he facilitate the purchasing of these roses. The Institute for Groundwater Studies is also sponsoring the registration costs of the rose.

Mr Taschner is in the process of registering the rose and there are already 1 200 plants of the *Kovsie Roos/Rose.*



*Kovsie Roos/Rose.*

# Mindshift needed to fight AIDS

The UFS Centre for Health Systems Research & Development (CHSRD) and the Free State Department of Health hosted an international conference on Expanded ARV Treatment from 30 March to 1 April 2005 on the campus of the university.

Dr Christo Heunis from the CHSRD said it was a fantastic conference. "More than 90 persons from all over the world, literally from America to Thailand, delivered papers and 564 delegates attended the conference. The conference was structured to have an impact in the four areas of policy and planning, lessons for health workers and human resources, research gaps and strategies and the role of civil society," he said.

Prof. André Pelser and Ms Nola Redelinghuys from the Department of Sociology outlined the seriousness of the pandemic in the paper they delivered, titled *The socio-economic and demographic dynamics of HIV/AIDS in the Free Sate province of South Africa.*



*At the ARV conference are from the left Prof. André Pelser, Prof. Solly Benatar, University of Cape Town, Dr Christina Zarowsky, International Development Research Centre, Canada, and Prof. Yvo Nuyens, previously from the World Health Organisation (WHO). Front: Dr Pat Butler, WHO.*

## Wintertyd is inbreektyd!

Met die oggende waar dit al hoe later lig word en die aande se koudheid wil niemand êrens heen beweeg nie en so weet die inbrekers en kwajongens dit ook.

Huibrie du Toit, sê "Mei-maand is inbreektyd volgens die statistieke by Mooirivier Makelaars, daarom wil ons 'n beroep doen op ons kliënte om seker te maak dat u beveiliging op datum is. Toets asseblief u alarm by die maatskappy waar u gekontrakteer is en kyk of u diefwering het voor alle oop- en toemaakvensters. Maak seker dat u veiligheidshekke se slotte nog werk en vervang alle buiteligte se gloeilampe wat stukkend is. Onthou ook om alle buitehekke snags te sluit.

"As u hond blaf, loer deur die venster, dit mag dalk **nie** sommer net vir 'n kat of die bure se hond wees nie. As u 'n opsporingstelsel in u voertuig het, toets dit jaarliks om te verseker dat dit nog effektief is en maak asseblief seker dat voertuie ten alle tye gesluit is. Skakel ons gerus by Mooirivier Makelaars (051) 447 6877 vir enige navrae, kwotasies of wysigings".

Ons gedagte vir die maand is: *'n Goeie naam is meer werd as groot rykdom, die goeie gesindheid van ander meer as silwer en goud (Spr 22:1).*

# Biotechnology takes on the Argus…

Ten members of the Department of Microbiology, Biochemistry and Food Biotechnology braved the annual Cape Argus Pick 'n Pay Cycle Tour.

Some 35 000 cycling enthusiasts participated in the 109 km challenge, which boasts not only some of the most scenic spots in the world, but also the trying Chapman's Peak and dreaded Suikerbossie Hills. This year, the Cape Doctor unfortunately "blew away" the welcome respites on the down hills, and weary cyclists were compelled to battle their way against it, said Dr Lizelle Piater from Biotechnology.

The Biotechnology group's cycling shirts, were sponsored by their department. Their finishing times varied from 3:50 to 6:25. Asked whether they would participate again next year, there was consensus that they probably would – as long as the Cape Doctor doesn't play his bag of tricks again.




*Gone with the wind. From the left are, front: Dr Koos Albertyn, Prof. Bennie Viljoen, Prof. Derek Litthauer, Prof. Garry Osthoff and Dr Esta van Heerden; middle: Ms L'Zanne Uys, Ms Catrine Strauss, Ms Elsabe Botes and Dr Lizelle Piater; front: Mr Mieder Palm-Forster.*



## Parkering op kampus 'n groot irritasie

***Flougestap skryf:***

Dit het hoog tyd geword dat die parkeerellendes op die kampus vir eens en vir altyd uitgesorteer word. Dit is soggens 'n nagmerrie vir personeel om parkeerplek te kry, terwyl studente rustig geparkeer staan, sommige met hulle duur 4x4's sommer so op die sypaadjies. "Personeel alleen"-bordjies beteken niks nie en dit lyk ook of daar nie eintlik iemand is wat die studente verjaag nie.

Om van die onderdakparkering nie te praat nie. Party mense is jare lank op een of ander waglys, terwyl daar personeel aan die ander kant is wat nie meer hulle parkeerplek benut nie en dit onderverhuur. Ek weet ook van gevalle waar iemand vir jare nie meer 'n motor het nie, maar sy parkeerplek uitgee aan mense wie se guns gewen moet word. Gevalle is ook bekend waar dosente nou op 'n deeltydse basis is en net een keer in 'n paar weke inloer, maar steeds die luukse van 'n onderdakparkering het.

Diensverskaffers wil ook nie meer die kampus besoek as gevolg van die tekort aan parkering nie.

Die enigste manier hoe die probleem opgelos kan word, is om alle onderdakparkering op te skort en van nuuts af toe te ken. Die parkering moet dan deurlopend gemonitor word om seker te maak dat wanpraktyke, soos nou, nie weer plaasvind nie.

## Ons mooi "skoon" universiteit

***UV-ouer en -skoonouer skryf:***

Skets vir uself die volgende prentjie: Saterdagmiddag 26 Maart 2005. Binne 'n halfuur ten minste vyf bruide (en hul gevolge) wat hul troufoto's by ons mooi plein en Hoofgebou kom neem. Die plein self is skoon en netjies. Die Hoofgebou se trappe... gaan kyk 'n bietjie self: Leë koeldrankbottels, 'n pakkie met bene wat van 'n braaivleis oorgebly het (wat seker vir die honde daar gelaat is), soveel duiwemis dat jy nie weet waar om te trap nie, en onder tussen die struike nog baie ander vullis wat seker (soos ons ook maar gemaak het) deur ander fotograwe daar gegooi is net om die trappe skoon te kry.

Een van die ouers maak die opmerking: "By die SUT sal jy nooit so 'n vuil plek te sien kry nie!" Skandelik van die UV.

Al word die gebou tans nie beman nie en is bouers nog daar besig, kan iemand seker toesien dat die gebou se trappe skoon kom, veral oor 'n naweek soos die Paasnaweek waar baie troufoto's juis by hierdie gebou geneem is.

Ek is seker die betrokkenes by die UV moet daarvan bewus wees dat daar troufoto's geneem word. Of steur niemand hulle aan die beeld van die UV wat so uitgedra word nie?

# Tweetaligheid word nou 'n moet

Prof. Theo du Plessis, Direkteur van die UV se Eenheid vir Taalfasilitering en -bemagtiging, het van 20-23 Maart 2005 die vyfde internasionale simposium oor tweetaligheid in Barcelona, Spanje bygewoon. Sy referaat was getitel *From monolingual to bilingual higher education in South Africa: The repositioning of Historically Afrikaans universities*.

By dié geleentheid het die ongeveer 350 sprekers allerlei aspekte en verskillende perspektiewe rondom tweetaligheid bekyk. Een van die strome wat sterk aandag geniet het, was die kwessie van tweetaligheid in onderwysverband. Streke wat baie aandag geniet het in dié opsig was Nieu-Zeeland, die Verenigde State van Amerika (VSA) en die Europese Gemeenskap. Met meer as een referaat oor die uitdagings rondom tweetaligheid is bevestig dat die tyd verby is dat 'n kind net in sy of haar moedertaal onderrig moet ontvang.

"In Suid-Afrika heers daar tans 'n debat oor moedertaalonderrig, veral oor die druk van die regering om Engelssprekendes in Afrikaanse skole toe te laat. Die wet is grootliks ten gunste van die ouers. Onder die swart bevolking verkies ouers egter dat hul kinders nie in hul moedertaal onderrig ontvang nie. Hulle oefen druk uit sodat hul kinders in Engels onderrig kan word en op die lang duur is dit 'n groot moontlikheid dat hierdie druk ook kan deurwerk na onderrig in Afrikaans," sê prof. du Plessis.


'n Tweetalige samelewing word die norm," sê prof. du Plessis. Navorsing bevestig dat tweetalige mense beter aanpas in 'n dinamiese samelewing, hul kognitiewe ontwikkeling is beter en hul kreatiewe vermoëns in taal is goed ontwikkel.



*Prof. du Plessis het ook onlangs die eerste boek in Suid-Afrika wat bydraes oor navorsing en ontwikkeling in die veld van taaltegnologie binne beleidsverband kontekstualiseer, bekend gestel. Die titel van die boek is "Multilingualism and Electronic Language Management". Hier is prof. Du Plessis by die boekbekendstelling.*

# ...Bottom Line...




## Acta Theologica spesiale uitgawe



*'n Spesiale Eeufeesuitgawe van Acta Theologica, die akademiese tydskrif van die Fakulteit Teologie aan die UV, het onlangs verskyn. Hier oorhandig prof. Hermie van Zyl (Dekaan van Teologie) 'n kopie van dié uitgawe aan prof. Frederik Fourie, Rektor en Visekanselier van die universiteit.*

### Advertensie

**Rondetafel** met kartelrand in kiaat, 120cm deursnee, met ses riempiematstoele, R2 000. Ideaal vir mense wat afskaal of studentehuis. Kontak 072 480 4063, of 051 436 5940.

## Kom sing saam

Personeel wat voorheen koor gesing het en weer die behoefte ervaar om deel te word van 'n koor (en ná 1965 gebore is), word uitgenooi om deel te word van 'n kamerkoor. Die koor repeteer een maal per week op Maandae vanaf 19:00 - 20:30. 'n Repertorium, wat 'n verskeidenheid van musiek insluit, word aangeleer.

Personeel wat voor 1965 gebore is, kan by die reeds bestaande koor, Voices Unlimited, aansluit wat ook op Maandae vanaf 18:00 - 19:00 repeteer.

Me. Leona Geldenhuys van die Departement Musiek nooi almal uit om deel te word van 'n verrykende ervaring! "Kom musiseer saam met kollegas," sê sy.

Groot opgewondenheid heers oor die potensiaal van die projek, en belangstellende UV-personeel kan gerus vir Werner Schmidt (x3376/084 5833889) of Leona Geldenhuys (x9209/083444 0181) kontak. Repetisies vind Maandagaande van 18:00–20:00 in die Odeion plaas.

### Publikasiebesonderhede

Informa word saamgestel deur UV: Strategiese Kommunikasie.

**Redakteur:** Leonie Bolleurs
**Uitleg:** Chrysalis Advertising & Publishing
**Drukwerk:** Print 24

Menings wat in Informa gelug word, weerspieël nie noodwendig die van die redakteur, Afdeling: Strategiese Kommunikasie, of die UV nie.

**Adresplakker**

http://www.uovs.ac.za/publications
http://www.uovs.ac.za/publikasies
informa.stg@mail.uovs.ac.za